Teel vir langtermyn volhoubaarheid

Deur Izak Hofmeyr

Hoewel hy as stadskind grootgeword het, was daar nooit enige twyfel dat Dan Kriek 'n boer sou word nie. As kind het hy vakansies op die familieplaas in die Tweeling-distrik gaan kuier. Dié plaas is in 1934 deur sy oupagrootjie gekoop.

Ná matriek is hy en sy tweelingbroer, Albert, albei na die Universiteit van die Vrystaat om landbou te studeer. Albert het in agronomie belanggestel en Dan in veekunde, en albei het die proewe vir hulle M-grade op die plaas gedoen. In 1991 het hulle in vennootskap begin boer.

Albert het intussen 'n pos by Link Seed aanvaar en hy is tans hul hoof-landboukundige, terwyl Dan, afgesien van die boerdery, by die georganiseerde landbou betrokke geraak het. Hy is tans die president van Vrystaat Landbou en is onlangs ook tot vise-president van Agri SA verkies.

"Ek onthou ek moes in standerd vier 'n taak doen oor wat ek eendag wou word, en daar was by my geen twyfel dat dit 'n boer sou wees nie. Ek onthou dat ek in die taak geskryf het dat boerdery geen vaste werksure het nie, dat daar geen vaste salaris is nie en dat mens erge terugslae moet kan verwerk."

'n Liefde vir South Devons

Dan se liefde vir die South Devon-beesras kom ook van daar af, want so lank as wat hy kan onthou was daar Devons op die plaas. Die gedagte om 'n Devonstoet op die been te bring, het egter eers in 2001 begin posvat.

"Albert het die saaiboerdery behartig en ek die vee, maar die gedagte was die hele tyd in my kop dat ons nog iets moes doen wat groter diversiteit en ook waardetoevoeging in ons boerdery kon meebring. Die uiteinde was my besluit om die stoet te begin en die resultaat was Bellary South Devons."

Die gebruik van alle moontlike tegnologiese hulpmiddels om die stoet so vinnig en goed as moontlik te laat ontwikkel, is een van Dan se mikpunte.

Dan se ideale koei is die koei wat as eerstekalfvers weer dragtig raak met 'n tussenkalfperiode (TKP) van ongeveer 400 dae, en daarna 'n TKP het van tussen 365 en 380 dae totdat sy op grond van haar ouderdom uit die kudde gehaal moet word.

"Ek dink nie almal besef hoeveel waarde jy in jou beeskudde kan toevoeg as jy vir tien jaar dinge reg doen ten opsigte van meting en seleksie en die koop van die regte bulle nie. 'n Mens hoef dit nie oormatig ingewikkeld te maak nie. Kies net jou bulle op grond van BLUP-syfers en die produksierekords van hulle moeders en oumas. Die uitwerking is verbysterend."

Tussenkalfperiodes

Sy eie stoetkudde het tans 'n gemiddelde tussenkalfperiode (TKP) van 379 dae. "Jaco Heckroodt, 'n landbou-ekonoom by VKB, het in die *2014 South Devon Joernaal* duidelik uitgewys wat die verskil aan koste is om 'n koei met 'n kort TKP in jou kudde te hê teenoor 'n koei met 'n lang TKP, veral as jy daarna kyk oor 'n langer tydperk soos tien kalwers."

'n Vangplek vir baie voornemende stoettelers is dat hulle aan stoetteling

Die koei BL03-72, wat die Farmer's Weekly Elite-toekenning ontvang het.

dink in terme van die bulle wat hulle gaan verkoop. Hy sê dit is die kersie op die koek, en kom eers met tyd.

"Die vrugte wat jy van 'n stoet pluk, kom eers oor 20 of 30 jaar as jy konstant die regte teelbeleid vir jou omstandighede en omgewing volg. So bou jy 'n koeikudde op waaruit jy uitstekende bulle kan teel. Ons is ongelukkig geneig om die tegnologie-hulpmiddels tot ons beskikking af te skeep en van die grondliggende faktore vir goeie teling te vergeet, en dan op sleeptou geneem te word deur die jongste modegier. Die gevolg is dat daar nie konstant en progressief in 'n voorafbepaalde rigting geteel word nie."

Dan Kriek in die veld by sy beeste.

Ploeg terug in jou kudde

Sy Devon-kudde bestaan tans uit 120 stoet- en 250 kommersiële koeie. Die twee groepe word presies dieselfde bestuur.

"Ek glo dat daar twee groepe diere is wat spesiale aandag op die plaas moet kry – die eerstekalfverse en die tweejarige bulle. Die stadium waarop beide groepe is, is die maak-of-breek tydperk in hul lewe.

"Die eerstekalfverse verkeer onder baie groot druk en as jy vir hulle byvoeding gee, betaal sy dit vir jou dubbel en dwars terug vir die res van haar produktiewe lewe. Dieselfde geld die bulletjies. Dit is veral belangrik dat jy nie vir hulle te veel koeie moet gee nie. Die duimreël wat ek gebruik, is dat 'n 24-maande-oue bulletjie nie meer as 24 koeie moet kry nie, en 'n 25-maande-oue dier 25 koeie."

Die ideale koei

Dan se ideale koei het as vers al die seleksieprosesse geslaag en as eerstekalfvers weer dragtig geraak met 'n TKP van ongeveer 400 dae, en het daarna 'n TKP van tussen 365 en 380 dae totdat sy op grond van haar ouderdom uit die kudde gehaal moet word.

"Vir my is die belangrikste maatstaf of my koeie deur die jaar op rooigrasveld kan oorleef, en steeds elke jaar vir my 'n kalf kan produseer. As daar oesreste is wat sy in die winter kan benut, is dit 'n bonus."

Die kenmerke van die Devon wat vir hom deurslaggewend is, is die hoë vrugbaarheid en rustige geaardheid.

"Die Devon is nou al vir jare aan die voorpunt as dit by TKP kom. En wat die temperament betref, kan 'n mens sommer in die veld met van die diere werk. As 'n pasgebore kalfie sukkel om die spene te kry, kan ons van die koeie rustig in 'n hoek vasdruk en onder hulle inklim om die kalfie te wys waar om te suip.

"Dan is die groei natuurlik daar omdat die ras se oorsprong 'n dubbeldoel was. Ons moes doelbewus selekteer vir laer geboortegewig, wat ons baie doeltreffend reggekry het, maar as gevolg van die goeie melkproduksie groei ons kalwers uitstekend."

Hy het vanjaar die *Farmer's Weekly*-toekenning vir een van sy koeie gekry en het nou vir die derde keer die BLUP bul van die jaar-toekenning ontvang.

Een van die poenskopbulle wat Dan tans gebruik.

Seleksiekriteria gee die deurslag

Die volgende mikpunt wat die Devon-beestelersgenootskap nou gesamentlik aanpak, is om die poenageen vas te lê sodat poena die norm en nie die uitsondering word nie.

Enige veeboer se beleid behoort te wees om die beste bul of ram wat hy kan bekostig te koop, juis omdat die invloed van daardie dier in sy kudde so groot is. As hyself 'n bul uitsoek, deel hy die seleksiekriteria in derdes op.

"Die eerste derde is die BLUP-syfers van die bul, gemeet teen die gemiddeld van die ras en van my eie kudde, die tweede derde is die produksiedata van die ma en twee oumas en die laaste derde is dit wat ek voor my sien. Al drie moet met my praat voordat ek in 'n bul belangstel."

Vir meer inligting, skakel Dan Kriek by 082 944 0566. VP